DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**20 September 2020**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

Lees: Psalm139, Matteus 28: 16 – 20
Teks: Psalm 139: 5, 6 ; Matteus 28: 20b
Tema: Ons Verbondsgod is ons lewe
Sing: Psalm 33: 1, 2 ; Psalm 38: 1, 17 ; Psalm 105: 5 en Lied 184: 1, 2, 4

Ons Here weet alles van ons af. My hele lewe lê voor Hom oop. Ons dank Hom dat ons nie van Hom los is nie. Wanneer jy in 'n lewende verhouding met God lewe, is jy dankbaar dat Hy jou aan Hom vasgemaak het met die bloedband in Jesus Christus.

Die lied bestaan uit 3 dele: verse 1 - 12, 13 - 18, 19 - 24. Verse 1 – 12 handel oor God se Alomteenwoordigheid, verse 13 – 18 oor die wonder van menswees en verse 19 – 24 oor God se eer bo alles. Dawid het baie goed geweet dat hy nie vir die Here kan wegkruip nie. Alles is vir die Alwetende God soos 'n oop boek.
Daarom moet ons met vreugde oor die versoening in Christus lewe. Die woorde in vers 5 is 'n versekering dat ons as gelowiges in 'n omgewing wat al meer teen die Bybel in opstand kom, altyd in die hande van die Here is. Letterlik is ons van alle kante beskerm deur die handpalms van die Here. As kind en erfegenaam in Christus kan ons hier ons krag ontvang. Ek is deel van sy genadeverbond.

Ek wat 'n vyand van die Here was, het kind geword. Ek is van nou af tot in ewigheid welkom in my Vaderhuis. Die doop verseker ons van die feit – Jy kry deel aan Christus se kruisgenade. Hy ondergaan die angste van die hel, Hy sterf en red my juis deur die wapen van doodsangs – die kruis. Toe Christus deur almal verlaat is om die stryd teen ons doodsvyand te stry, breek redding aan. Die bewys van liefde is te hoog vir ons begrip. Die apostel Paulus skryf dit ook: Vir 'n goeie mens sal ons dalk nog bereid wees om ons lewe te gee, maar vir 'n vyand? Verstaan ons die grootte van die liefde wat God vir ons het?

Ons sien dit in die handeling van die doop. Die simboliese handeling van die afwassing van ons sonde. Die troue Verbondsgod plaas vandag weer Sy merk op ‘n verbonskind uit genade. Geen mens kan dit verdien nie. Ek is duur gekoop met bloed van die eie seun van God. Waarom? Hy het my gemaak. Dawid skryf oor die wonder van God se skepping sonder om deur ‘n mikroskoop te kyk. Sy lens is die Heilige Gees wat aan hom bekend maak dat die Here ons Skepper is. Die 53 vertaling gee vers 13 en 14 so weer: “Want u het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is;
wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed”. Vir die Jode was die niere die setel van die gewete.

Maar vir Dawid is die belangrikste saak: Die Here ken my van voor my geboorte. Dit vervul hom met absolute verwondering. Die goddelose wêreld kan my moed en spoed breek. Dit kan maak dat ek dink dat die Here my verlaat het. Dit voel asof die Here afsydig teenoor my is. Hy verhoor nie my gebede nie. Ons vra vir uitkoms en ons kry nie verhoring nie.

Dawid het dit so beleef toe sy vyande teen hom opgestaan het. Sy eie seun wou sy regering omverwerp. Ons groot troos is die Gees van God wat in ons kom inwoon en ons gees rustig maak om uit die verhouding met God te leef. Sy beloftes staan vas. Die Here kom verseker ons vandag weer dat ons aan Hom behoort. Christus se belofte net voor sy hemelvaart oorspan die tyd tussen hemelvaart en wederkoms. Die Here belowe ons: “Ek is by julle, al die dae van julle lewe”. En ons lewe met ons oë op Hom. Hy gee uitkoms op die regte tyd, want Hy het my nuut gemaak om na Sy wil te vra en Hom te vertrou dat Hy getrou is.

Die lewende God wat regverdig is, het ons regverdig verklaar. Daarom is Sy vyande, my vyande. Die verdraaiiers en veragters van die Goddelike woord, sal voor Hom kom staan. Intussen kan ek deur die krag van die Heilige Gees belydend leef dat ek nou genadetyd het. Ek moet God se liefde uitleef. Hy is by my. Elke oomblik is ek in Sy hande. Ek wil op Sy pad van waarheid bly. Hy moet my hart ondersoek. Ek is veilig tot in ewigheid. Hy omsluit my van alle kante. Glo dit.

## OOG VIR MEKAAR




- Baie geluk aan Reinhardt en Melanie met Ruvan se doop. Welkom aan die families Weideman en de Jong in die erediens.
- Ons innige meegevoel met Martie Maritz wie se broer die afgelope week oorlede is. Ons bid julle familie die troos van die Here toe met julle verlies.
- Baie geluk aan Piet en Theunet Kruger met hulle huweliksbevestiging Saterdag. Ons wens hulle ‘n geseënde huwelik toe. Baie geluk aan Theuns en Brenda Koekemoer met die nuwe skoonseun.
- DV volgende Sondag lei Teologiese student Phillip Wepener die erediens.
- Ons bid vir almal wat ‘n breek neem ‘n aangename rustyd en ‘n voorspoedige reis toe.
- Ons bid vir ons broers en susters wat deur die pandemie geestelik en finansieël geknou is en swaarkry. Ons bid vir almal wat hulle werk verloor het en wie se besighede afgeskaal het. Ons bid julle die troue bystand en ondersteuning van die Here toe.
- Ons is dankbaar dat die inperking na Vlak 1 afgeskaal is. Ons sal nou die stiplekke herbeplan sodat ons op Sondag 4 Oktober alles tot die maksimum kan gebruik.

## MEDIAKOMMISSIE

Die mediakommissie wil die gemeente inlig dat die preke van Ds. Sarel nou ook op You Tube beskikbaar is. Gemeentelede moet vanaf hulle slimfoon, tablet of rekenaar slegs op YouTube gaan en inteken op "***GKSA Pietersburg***" om die preke te volg. Hou net ingedagte dat dit data of WiFi benodig.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## DIAKONIE

* Die diakonie wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die gemeente te bedank vir hulle ondersteuning aan die diakonie tydens die Covid—19 pandemie, sonder die gemeente se finansiële hulp sou die diakonie nie met hulp ampswerk kon voortgaan nie.
* Die diakonie doen ook 'n beroep op die gemeente vir senkings vir die aankoop van formule melk vir jong babas binne ons gemeente wat nog te jonk is vir ander voedsel soorte.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| **** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer*** | | | |
| S0 20 Sept | Zani Prinsloo | B | 083 255 9390 |
| Ma 21 Sept | Carina Venter<br>Pieter Jongbloed<br>Theuns Loots | B<br>D<br>B | 082 823 2242<br>082 575 9143<br>071 851 3149 |
| Wo 23 Sept | Leila Hoogendyk<br>Philip Snyman | D<br>B | 084 802 3323<br>083 463 1134 |
| Do 24 Sept | Rianca Korff<br>Louis Pienaar<br>Megan Van Der Merwe | B<br>D<br>B | 071 881 4338<br>082 419 8882<br>083 948 7189 |
| Vr 25 Sept | Madeleen Nel | B | 083 739 6152 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 25 Sept 1999 | Vleis en Nanette Potgieter | 21 | 083 744 5799<br>084 505 3830 |
| 26 Sept 2015 | Jaun en Megan Vn Der Merwe | 5 | 076 309 9732<br>083 948 7189 |


Teken in op die SLINGERVEL
Individuele intekening
R405.00 – 10 uitgawes
[posgeld + BTW ingesluit]
Afhaal by Buro
R285 – 10 uitgawes
Elektroniese intekening
R146.00 – 10 uitgawes
Om in te teken:
Kontak Angie Mokobi by
tydsElektroniese
intekening
tydskrifte@gksa.co.za
of tel. 018 297 3986

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

"Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle bevel het. En onthou : Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die Wêreld."

Matteus 28 : 20

